Persverklaring

28 Mei 2009

Van die kantoor van die Munisipale Bestuurder

WKDM se begroting eenparig aanvaar

Die jaarlikse begroting van die WKDM het verlede Woensdag, net soos ‘n jaar gelede, op ‘n sedige noot begin.
Kort na die opening van die spesiale jaarvergadering, het burgemeester René Kitshoff, die raad versoek om ‘n oomblik van stilte te handhaaf. Tydens die geleentheid is die heengaan van haar voorganger, wyle me. Gloria (“Glor”) Schoor ,‘n jaar gelede herdenk, asook die verdwyning van die 10-jarige Montesha Kekane van Saldanhabaai en die heengaan van me. Leen Fortuin (38), tydens ‘n brand in Redelinhuys, die afgelope naweek.
Die 2009 – 2012 begroting van die Raad is daarna ter tafel gelê. Die nasionale toekenning wat vanjaar ontvang is, beloop nagenoeg R55 miljoen.
Luidens die verslag van die burgemeester, is die kapitaalbegroting vir hierdie finansiële boekjaar R72,377 miljoen, wat minder is as die R72, 6 miljoen van verlede jaar.
Nagenoeg 68,25% van dié deel van die begroting gaan vanjaar aan watervoorsiening in die distrik.
Die handhawing van goeie drinkwater as prioriteit vir die raad word verder onderstreep deur die Blou Druppel-toekenning, wat verlede week deur die raad in ontvangs geneem is. Die gesogte toekenning is deur die departement van waterwese en bosbou, aan die raad toegestaan, vir uitstekende drinkwatervoorsiening. (Die berig sal aangeheg word.)
Gemeenskapsdienste waaronder kindersorg-, jeug-, en vaardigheidsontwikkeling val, is voorsiening gemaak in die bedryfsbegroting. Nagenoeg R9,970 miljoen, 13,77% van die kapitaalbegroting sal vir gemeenskapsgedrewe kapitaalprojekte aangewend word.
Aan die bedryfsuitgawe kant is R221 miljoen voor begroot. ‘n Toename van 11,69%, teenoor verlede jaar se R198 miljoen. Volgens die burgemeester se verslag is die bedrag aansienlik verhoog om die instandhouding van paaie in die distrik te verbeter.
Nuwe afdelings wat vanjaar by die raad se begroting toegevoeg is, is rampdienste en toerisme. Eersgenoemde dienste sal voortaan onder die raad se vaandel resorteer. Om die uitdagings die hoof te bied is ‘n bedrag van R6,2 mijoen, bewillig.

Toerisme, bly een van die raad se grootste uitdagings. Die bedrag van R2 miljoen sal vir die doel aangewend word. Die Weskus Toerisme is ook tydens die vergadering gelukgewens met hulle Platinumtoekenning, wat hulle op die afgelope Toerisme Indaba in Durban behaal het.
Die raad het slegs ‘n verhoging van 18% op elektrisiteit toegestaan, teenoor die voorgestelde verhoging van 32%. Tariewe op eiendomsbelasting vir die finansiële jaar, is as volg verhoog. Dorpe: 0, 0185 C/R , ‘n verhoging van 5,71% en in landelike gebiede 0,0015 C/R ‘n verhoging van 6,89%. Die raad stel daarenteen die eerste van R50 000 waardasie vry, op alle belasbare eiendomme.
Die begroting is eenparig deur die volle raad aanvaar.

Einde van Verklaring